

## Onderwerp

**“Kan ‘n sinode weselike sake aan die plaaslike kerke oorlaat om oor te besluit, of skep dit die gevaar dat ‘n kerkverband uitmekaar kan begin val?”**

## My verduideliking

***Sinode is ‘n weselike middel om die ware godsdiens in elke plaaslike kerk te bewaar en uit te brei – om die eenheid en geestelike regering van Christus in sy Kerk te dien***

### **1. Die probleem van die onderwerp**

Veronderstelling is dat daar kerkverbande is wat oor sekere sake nie tot ooreenstemming kan kom nie, en dan sal die sinode, liever as dat afgevaardigdes hulle by die meerderheidsoordeel neerlê en sonder dat hulle gewetens gebind word, die sake aan die plaaslike kerke oorlaat om te besluit of, en hoe hulle ‘n sekere saak gaan uitvoer.

Hierdie metode, alhoewel dit blykbaar juis ‘n oplossing bied om formeel by mekaar te bly, is nie tot bevordering van die regering van Christus in sy kerk nie, omdat dit aandui dat die eenheid in die waarheid in die kerkverband alreeds soek geraak het. Daar is nie meer gedreweheid vanuit die geloof in Christus se regering van sy Kerk nie, om mekaar te soek en gereeld te oorleg en te besluit nie, om mekaar so te help en te ondersteun nie.

### **2. Ons konteks vandag**

Ons konteks het verander. Die persepsie van gesag buite en binne die kerk het verander. Die plurale, demokratiserende samelewing vee op ons af. Die Skrif word selfs herinterpreteer en bevraagteken, instellings wat met gesag te doen het, word bevooroordeel afdagewys en gekritiseer, omdat die gesag van Christus nie begryp word nie en mense hulle nie onvoorwaardelik aan Hom wil onderwerp nie, maar hulle prioriteit is om hulleself te vervul.

### **3. Ons wortels in die Reformasie**

Die hervormer Martin Bucer van Straatsburg, help ons om die geestelike regering van Christus in sy kerk te verstaan in terme van Goddelike regering en Kerklike orde. Alle gesag is van Christus wat werk deur sy Gees met sy Woord. Dit teenoor die owerhede wat in die deurvoering van die hervorming, in die kerke wou inmeng, byvoorbeeld in die geval van die stad Hamburg. Bucer het dit duidelik gemaak dat die ampsdraers het van Christus gesag om die vergewing van sondes, dit is die sleutels van die hemelryk te bedien. Maar ook al die gelowiges het volmag om mekaar die sondes te vergewe.

### **4. Ons Nederlandse Geloofbelydenis – alle middele**

Behalwe vir die geestelike regering van Christus deur sy Woord in die plaaslike kerk deur die dienaars, predikante en ouderlinge, gee Hy verskillende ander middele waardeur sy heerskappy bedien, instandgehou en bevorder kan word. NGB art. 30,31,32. Dit mag nie van sy Woord afwyk nie en mag nie die gewetens bind nie. Indien dit as ongeestelik uitgewys word, moet dit verwyder omdat dit tot nadeel van Christus se kerk is. Dit mag nie gewetens bind nie. Calvyn wys daarop dat die orde in die kerk is so ‘n middel om te gebruik.

## **5. Christus regeer sy Kerk onmiddellik – Hy doen dit ook deur middel van Meerdere Vergaderings**

Christus regeer sy Kerk onmiddellik. Sien Openbaring 1:1-20. Hy hou die sewe boodskappers of bedienaars van sy Woord in sy hand en Hy beweeg tussen die sewe kandelare of gemeentes. Maar Hy regeer ook middellik, deur korrespondensie tussen kerke, soos 2 Joh.: 1-13. Of deur vergaderinge waarin die kerke deur hulle afgevaardigdes beraadslaag en besluite neem. Sien die pragtige voorbeeld in die geloofsbrief van die Klassis Voorne, Putten, Overflakkee vir sy afgevaardigdes na die Sinode van Dordrecht in 1574. Sien Abraham Kuyper oor 'n Sinode, Heraut 19 Junie 1887.

## **6. Kerkverband en Sinode is 'n seën, maar tog so kwesbaar**

Kerkverband en sinode is uitdrukking van gemeenskaplike en eendragtige geloof. Broers kom saam in die liefde van die een geloof. Sinode is uitdrukking van die verbond wat die Gees gee sodat kerke met mekaar saamkom en mekaar in elke plaaslike kerk te ondersteun en te help. Hulle help merkaar so om getrou en betroubaar te bly aan die Here van die kerk. Maar dit is so kwesbaar. Dink maar aan die misverstande, verdenking, stryd, twyfel, onwilligheid om in nederigheid aan die Heer en aan mekaar by mekaar te staan. Dink aan die opstandigheid teen die leer van die Skrif. Die ongeloof in die gang van die geskiedenis van die kerk (voorbeeld die aanloop en dwang wat lei tot die Vrijmaking in Nederland).

Daarom moet ons mekaar opsoek en met mekaar spreek en redeneer in die begeerte en koestering en gebed van die ware geloof. Christus stuur betroubare manne as ampsdraers, manne wat getrou hulle amp uitvoer, en afhanklik is van Christus ons Hoof en Meester en sy leiding deur sy Gees. Hulle word met afgeleide afvaardiging na die sinode gestuur waar die kerke met mekaar oorweeg en besluite neem.

Dink net wat dit vir elke kerk beteken dat ons saam op sinode besluit oor sake soos Bybelvertaling, kerklike gemeenskap (verhouding met ander kerkverbande), liturgiese musiek, kerkorde, sendingwerk, verhouding met die burgerlike owerheid, voorstelle oor verskillende sake, besware. Daar is ywer en verlanse om in eenheid die besluite te omarm en uit te voer.

## **7. Gevolgtrekkende opmerkings**

Eendragtige besluite deur die Sinode oor wesenlike sake sal die kerke ondersteun in die ampsdraers se taak om die kudde te versorg. Dit sal ook die gelowiges in hulle amp versterk in die weet dat daar soveel kerke is wat met ons kerk eendragtig saamwerk in die diens van Christus. Daarom is dit belangrik om betroubare manne in die Woord op te lei, om die geestelike regering van Christus in sy kerk te onderhou en uit te bou. Teologiese opleiding is 'n tipiese taak waarvoor die kerke in sinode besluite neem. Dit bevorder die eenheid van geloof deur te werk aan die uitbreiding van die bediening van die Woord in die kerke. Die kerke word opgebou in die geloof en die Evangelie word in die sendingwerk uitgedra. Dank aan die Here vir die middel van die sinode in Christus se regering van sy kerk.